# DIEFSTAL

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan eiendom as gevolg van, of gedurende die verloop van, diefstal soos hieronder beskryf:

### 1. Diefstal (nie-kragdadige betreding) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies van of skade aan alle inhoud (die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is, maar met uitsluiting van goedere in die ope en werknemers se persoonlike besittings) van enige versekerde gebou op die versekerde perseel wat in die bylae beskryf word weens diefstal of enige poging daartoe, maar met uitsluiting van verlies van of skade aan enige drank of sigarette tensy sodanige verlies van of skade aan drank of sigarette gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige betreding tot of verlating van sodanige gebou of of enige poging daartoe of weens diefstal, of enige poging daartoe, wat volg op geweld of dreigement van geweld.

### 2. Skade aan geboue (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

2.1 Verlies van of skade aan geboue (insluitende die verhuurder se los en vaste toebehore) by die versekerde perseel, hetsy toevallig of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon deur die loop van omskrewe gebeurtenis 1, óf sodanige omskrewe gebeurtenis as ingesluit in die bylae vermeld is, óf nie

2.2 Skade aan hekke en heinings op die versekerde perseel in die loop van omskrewe gebeurtenis 1, óf sodanige omskrewe gebeurtenis as ingesluit in die bylae vermeld is, óf nie;

2.3 Die Maatskappy sal die Versekerde vergoed vir alle redelike koste en uitgawes wat aangegaan word om sodanige tydelike herstelwerk uit te voer en sodanige tydelike maatreëls te tref as wat redelikerwys nodig mag wees ná verlies of skade wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling,

met dien verstande dat die Maatskappy se totale aanspreeklikheid vir 2.1 tot 2.3 saam hoogstens die versekerde bedrag beloop soos in die bylae vermeld met betrekking tot enige enkele gebeurtenis.

### 3. Huurders se los en vaste toebehore wat deel vorm van die gebou (nie-kragdadig) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies van of skade aan los en vaste toebehore, die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is en deel vorm van die gebou(e) wat deur die Versekerde as huurder en nie as eienaar nie, geokkupeer word by die versekerde perseel wat in die bylae vermeld word, as gevolg van diefstal of enige poging daartoe.

Vir intermediêrsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

## Bykomende persele (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering onder hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan alle inhoud (die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is) te dek, in 'n gebou op enige bykomende perseel wat deur die Versekerde gebruik word, met dien verstande dat:

1. die Maatskappy binne 30 dae vanaf datum waarop die risiko vir die Maatskappy bestaan van sodanige bykomende perseel in kennis gestel word;
2. 'n bykomende premie, indien enige, betaal word;
3 die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie uitbreiding hoogstens die persentasie beloop soos aangedui in die bylae teenoor die versekerde bedrag vir hierdie uitbreiding vermenigvuldig met die hoogste versekerde bedrag van "Diefstal" van enige enkele perseel.

## Persoonlike besittings (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Sonder om die aanspreeklikheid van die Maatskappy te verhoog bo die versekerde bedrag van die omskrewe gebeurtenis wat met inhoud verband hou, sluit die uitdrukking "alle inhoud" die volgende in: persoonlike besittings, gereedskap en trapfietse wat die eiendom is van die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde tot die mate waartoe sodanige eiendom nie andersins verseker is nie, tot hoogstens die versekerde bedrag (per persoon) wat in die bylae aangedui word. Die term inhoud sluit ook gaste en klante se persoonlike besittings in tot die mate waartoe sodanige eiendom nie andersins verseker is nie, tot hoogstens die versekerde bedrag (per item) wat in die bylae aangedui word.

## Verskuilde diewe en lopers

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendom te dek wat veroorsaak word deur of gepaardgaan met:

3.1 'n dief of diewe wat voor sluitingstyd op die versekerde perseel skuilhou;

3.2 betreding en/of verlating van die perseel deur gebruik te maak van 'n loper of ander soortgelyke toestel (met uitsluiting van 'n duplikaatsleutel) met dien verstande dat die Versekerde tot die bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat 'n loper of soortgelyke toestel gebruik is.

# BEPERKINGS

Die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, rekenaarstelselrekords en -media, planne, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms word beperk tot die waarde van materiaal en die bedrag aan arbeid bestee.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies of skade wat ingevolge die Brandafdeling van hierdie polis verseker kan word, behalwe in die geval van ontploffing wat veroorsaak word in 'n poging om toegang te verkry;
2. verlies of skade wat ingevolge die Glasafdeling van hierdie polis versekerbaar is;
3. eiendom wat meer spesifiek verseker is of, tensy dit in die bylae gespesifiseer is, kontant, bank- en valutanote, tjeks, posorders, poswissels, geldige verhandelbare seëls en dokumente of sertifkate van 'n verhandelbare aard;
4. verlies of skade waarby enige prinsipaal, vennoot, direkteur of enige lid van die Versekerde se huishouding of enige van die Versekerde se werknemers as dader of medepligtige betrokke is.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan kort veranderinge

# SPESIFIEKE VOORWAARDE

1. Hierdie afdeling word nietig verklaar indien die aard van die risiko wesenlik verander sonder dat die skriftelike toestemming van die Maatskappy vooraf verkry is.

2. Die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy is beperk tot die versekerde bedrag vermeld in die bylae en indien dit in die bylae teenoor “Grondslag vir diefstal” meld: “Alle geboue op die perseel”, sal dit beteken dat die versekerde bedrag die maksimum bedrag betaalbaar sal wees deur die Maatskappy vir enige enkele gebeurtenis vir alle geboue tesame op die perseel en nie vir elke gebou individueel nie.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge